HOOFSTUK
12 Opsomming

'n Geprojekteerde Inkomstestaat is opgestel om die toekomstige winste, inkomste, uitgawes, koste van verkope, bruto wins, bedryfsuitgawes, nie-bedryfsuitgawe en netto wins te skat. Hierdie staat word gebruik om die finansiële toekoms van die onderneming te projekteer.

Projeksie (vooruitskatting) van verkope
Wanneer dit bereken word moet die volgende in gedagte gehou word:
- Inflasiekoers
- watter wins beoog word
- sal die goedere verkoop word vir kontant of op krediet
- wat is die verwagte koste wat betrokke sal wees.

Projeksie van koste van verkope
- Oorweeg teen watter prys goedere aangekoop sal word.
- die kwaliteit van die goedere.

Projeksie (vooruitskatting van uitgawes
- watter uitgawes sal dit wees
- sal die Inkomste wat ontvang word genoeg wees om vir hierdie uitgawes te betaal en nog 'n wins te maak.

Vooruitskatting van inkomste
- watter ander Inkomste kan ontvang word.

Vooruitskatting van wins
- hoeveel wins moet gemaak word om die voortbestaan van die onderneming te verseker.

Kontantbegrotings
- Hierdie toon die invloei (ontvangstes) van kontant en uitvloei (uitgawes) van kontant wat in die onderneming plaasvind.
- Die doel is om te bereken of daar genoeg kontant in die bank vir die onderneming sal wees om sy bedrywighede te kan uitvoer.

Afwykings
- Die verskille tussen werklike en begrote bedrag.
- Indien afwykings bestaan moet die onderneming besluit hoe daar opgetree word.

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.